

# Nuwe Statistiese Oorsig van Velsiektes in die Wes-Kaap

W. FLÖTER

## SUMMARY

Statistics concerning dermatological disease in outpatients seen at the dermatology clinic at Tygerberg Hospital during 1975 are presented. The greatest number of patients suffered from bacterial, mycotic or parasitic infection. Acne also features high on the list. Except for the photodermatoses and acne, the difference in racial incidence of certain skin conditions, as published by Marshall and Heyl in 1963, is confirmed. More women than men were seen. This might be explained by the fact that, owing to working obligations, men often find it more difficult to attend outpatient clinics during the day. The greatest number of patients seen ranged in age from 20 to 60 years.

*S. Afr. med. J.*, 53, 214 (1978).

In 1963 het Marshall en Heyl<sup>1</sup> 'n statistiese ontleding van huidsiektes in die Wes-Kaap gepubliseer. Na 'n tydsvloer van 12 jaar het ons hierdie statistieke hersien en met onlangse syfers vergelyk.

Sedert 1963 was daar 'n groot aanwas in en verskuiwing van die Kleurlingbevolking in die Wes-Kaap. Gevolglik was dit ook ons doel om te bepaal of daar in hierdie tydperk 'n verandering in die insidensie van sekere toestande plaasgevind het.

Hierdie statistiese verslag het slegs betrekking op persone wat tydens 1975 as nuwe buitepasiënte by die dermatologie-kliniek van Tygerberg-hospitaal gesien is.

Hebra<sup>2</sup> het die stelling gemaak dat byna elke mens 'n velprobleem het. Die leser mag dit dus interessant vind om te lees met watter velprobleme en in watter getalsverhoudings pasiënte by ons kliniek aanmeld.

## RESULTATE EN BESPREKING

Die velsiektes wat gesien is en die insidensie volgens ras, geslag en ouderdom word in Tabel I opgesom.

Dit blyk dat die syfers ten opsigte van Blanke en nie-Blanke pasiënte nie veel verskil nie. Daar is 337 (8,8%) meer nie-Blanke as Blanke pasiënte ondersoek, en 551 (14,5%) meer vrouens as mans is gespreek.

Die meeste pasiënte (26,8%) was tussen 20 en 60 jaar oud. Aangesien die mens tydens hierdie jare op sy ak-

tiefste is, is dit miskien te verwagte dat die hoogste insidensie van velsiektes juis in hierdie tydperk sal voorkom.

Die persentasie kinders ondersoek was nie hoog nie, daar 'n groot gedeelte van hulle deur die kindergeneeskunde buitepasiëntafdeling hanteer word.

Ons statistieke bevestig ook weer die bekende feit dat sekere siektes meer by vrouens voorkom, bv. erythema nodosum en chloasma. Dit is interessant dat kontaksekseme meer dikwels by vrouens (52%) gesien is. Huisvroue en nie-Blanke fabriekwerksters kom sekerlik dikwels in aanraking met irriteermiddels en kontaksensitiseerders. Die feit dat meer vroulike pasiënte met velturnore, rosacea en moesies gesien is (90,1%), dui miskien op vroulike ydelheid.

Ons huidige getalle bevestig die bevinding van Marshall en Heyl<sup>1</sup> dat solêre keratoses, seboreïese vratte en velkarsinome selde by nie-Blankes gevind word. Infektiewe ekseem, pioderma, skabies en tinea het meer dikwels onder hulle voorgekom.

Marshall en Heyl<sup>1</sup> het gevind dat slegs 0,4% van fotodermatoses by nie-Blankes voorgekom het, terwyl ons ondersoek die getal op 4,0% stel. Hulle het ook 'n besonder lae voorkomssyfer van akne (1,7%) by nie-Blankes gevind, teenoor ons 9,1%.

Die totale syfers dui aan dat die meerderheid pasiënte bakteriële-, swam- en parasietinfeksies gehad het.

Die voorkoms van skabies het baie toegeneem. In Marshall en Heyl<sup>1</sup> se reeks van 1963 het dit slegs by 2,6% Blankes en 6% nie-Blankes voorgekom, terwyl die syfers vir 1975 onderskeidelik 6% en 11,8% was. Hierdie is nie 'n geheel onverwagte bevinding nie, aangesien dit ooreenstem met 'n soortgelyke toename in Europa en die VSA.<sup>3</sup> Ten spyte van 'n verbetering in algemene higiëniese toestande, het skabies amper weer dieselfde epidemiese afmetinge aangeneem as in die 18e eeu. Swaminfeksies het ook skynbaar verdubbel sedert Marshall en Heyl<sup>1</sup> se ondersoek.

Van die totale aantal pasiënte deur ons ondersoek, het 21,4% aan 'n vorm van ekseem gely. Dit is 2,1% minder as Marshall en Heyl<sup>1</sup> se getal. Die insidensie van atopiese ekseem het afgeneem, terwyl dié van kontaksekseem vermeerder het. Akne is waargeneem by 11,4% Blankes en 9,1% nie-Blankes.

Die voorkomssyfers van psoriase, velturnore (benigne en maligne) en virussiektes verskil nie van dié van 1963 nie.

## VERWYSINGS

1. Marshall, J. en Heyl, T. (1963): *S. Afr. med. J.*, 37, 1308.
2. Hebra, F. (1852): *Verh. wien. med. Ges.*, 2, 378.
3. Barthelmes, R., Sönnichsen, N. en Barthelmes, V. (1970): *Derm. Mschr.*, 156, 881.

Departement Dermatologie, Universiteit van Stellenbosch en Tygerberg-hospitaal, Parowvallei, KP  
W. FLÖTER, M.D.

Ontvangsdatum: 30 Mei 1977.



TABEL I. (vervolg)

Diagnose	Totaal	%	Blank	Nie-Blank	Mans	Vrouens	Manlik (tot 1 j.)	Manlik (1-3 j.)	Manlik (4-9 j.)	Manlik (10-19 j.)	Manlik (20-39 j.)	Manlik (40-60 j.)	Manlik (oor 60 j.)	Vroulik (tot 1 j.)	Vroulik (1-3 j.)	Vroulik (4-9 j.)	Vroulik (10-19 j.)	Vroulik (20-39 j.)	Vroulik (40-60 j.)	Vroulik (oor 60 j.)
Lupus erythematosus (diskoïed)	34	0,90	12	22	13	21				1	6	4	2				1	11	9	
Lupus erythematosus (sistemies)	4	0,11	3	1	1	3				1							1	2		
Lupus vulgaris	1	0,03	—	1	1	—					1									
Mastositose	5	0,13	5	—	—	5										3	2			
Maligne melanoom	2	0,05	1	1	—	2													1	1
Miliarie	6	0,11	2	4	3	3	1			2				1		2				
Milia	1	0,03	1	—	—	1								1						
Middeluitslae	50	1,32	20	30	27	23				8	17	2					2	12	6	3
Molluscum contagiosum	22	0,58	7	15	9	13		4	2	3					4	4	3	1	1	
Mondslimvliessiektes	16	0,42	14	2	3	13					1	2				3	6	1	1	2
Morfee	2	0,05	1	1	—	2											1		1	
Mycosis fungoides	3	0,08	2	1	1	2							1							2
Necrobiosis lipoidica diabetorum	3	0,08	3	—	—	3														3
Nevus	37	0,97	25	12	14	23	1	1	5	7						3	4	13	3	
Naelsiektes (nie swamme)	13	0,34	7	6	5	8		1	1	2	1						2	2	1	3
Parapsoriase	3	0,08	2	1	1	2					1							1	1	
Pellagra	2	0,05	—	2	1	1					1								1	
Pemfigus	10	0,26	5	5	6	4						3	3						1	3
Periorale dermatitis	6	0,16	5	1	—	6														
Pioderma	206	5,43	48	158	101	105	6	12	15	33	23	5	7	5	11	28	31	19	3	8
Pityriasis alba	10	0,26	3	7	4	6			4							4	1	1		
Pityriasis rosea	35	0,92	17	18	13	22			10	3							6	14	2	
Plaveiselkarsinoom	30	0,79	25	5	21	9					5	7	9					2	1	6
Porfirie	8	0,21	4	4	4	4			0	2	1	1							2	2
Pruritus	27	0,71	21	6	9	18		1	3		2	3				1	7	4	4	2
Pseudoxanthoma elasticum	1	0,03	1	—	—	1														
Psoriase	185	4,87	75	110	81	104			4	21	29	18	9			4	36	33	27	4
Rosacea	19	0,50	14	5	2	17						2						3	10	4
Rubella	6	0,16	1	5	2	4			1	1							3	1		
Sarkoidose	4	0,11	1	3	2	2					1	1							1	1
Seboreïese keratose	39	1,03	34	5	14	25						6	8					2	13	10
Sifilis	39	1,03	3	36	17	22				3	10	3	1	1			6	14	1	
Skabies	359	9,45	95	264	177	182	6	14	18	60	53	13	13	9	13	11	66	56	6	21
Solêre keratose	103	2,71	102	1	36	67					1	11	24					4	21	42
Steroïed telangiëktase	7	0,18	7	—	1	6					1						3	2	1	
Stevens-Johnson-sindroom	1	0,03	—	1	—	1														
Tinea	259	6,82	92	167	99	160	3	5	8	44	25	10	4	4	5	6	54	71	11	9
Urtikarie	80	2,11	33	47	27	53				13	13		1			1	23	25	4	
Vaskulitis	10	0,26	3	7	2	8					1	1						3	3	2
Veltumore (benigne)	116	3,06	84	32	34	82				2	14	14	4	1	1	3	6	20	28	23
Verruca vulgaris	236	6,22	86	150	99	137		1	12	45	39	2		7	29	55	36	9	1	
Vitiligo	50	1,32	16	34	17	33			5	6	3	3				1	9	19	4	
Velsiektes (nie-spesifiek)	95	2,50	47	48	54	41	1	1	14	23	5	5	5	1	1	4	21	6	3	5
	3 797		1 730	2 067	1 623	2 174	25	49	136	516	507	228	162	27	61	149	631	744	330	232